DISA-KOSHUIS

Huisreëls

A Benodigdhede

X **Handdoeke (2)**
X **Duvet**
X **Duvetoortreksel**
X **Kussingsloop**
X **Koffiebeker**
X **Kussing**
X **Paslaken**
X **Waspoeier**
X **Wasgoedversagmiddel**
X **Wasgoedpennetjies**
X **Wasgoedsak**
X **Rubbersandale vir stort**
X **Strykyster**

Bogenoemde artikels, klere en onderklere moet gemerk wees met die leerder se naam en van en 'n D (vir Disa). Geen verantwoordelikheid word deur die koshuis aanvaar vir artikels wat verlore raak nie.

B Naweekreëlings

- **Naweekreëlings moet teen Woensdag om 21:30 gefinaliseer wees. Indien 'n leerder nie huis toe gaan nie, moet die huismoeder skriftelik deur die ouer en die gasvrou in kennis gestel word. (Die skool se faksnommer is 021 903 1220.)**
- **Die koshuis maak om 17:00 op Sondae oop. Die dogters moet teen 19:00 terug wees.**
- **Die skoolhek is gesluit ter wille van die inwoners se veiligheid. Gebruik die kontrolebord links van die hek om toegang tot die skoolterrein te kry.**

C "Pool"-tafel

- **Daar mag nie naby die "pool"-tafel geëet of gedrink word nie.**
- **Niks mag op die tafel neergesit word nie.**

D Wasgoed

- **Dogters mag nie na 'n naweek vuil wasgoed terugbring om in die koshuis se wasmasjien te was nie.**
- **Dogters mag nie na 'n naweek nat wasgoed terugbring om te tuimeldroog nie.**
- **Dogters moet self hulle onderklere en sokkies met die hand was. Waspoeier word nie deur die koshuis voorsien nie.**

- **Dogters wat op 'n skoolkamp gaan, mag die wasmasjien gebruik om wasgoed te was. Indien die huismoeder die wasgoed moet was, word dit vooraf met die huismoeder gereël en 'n tarief sal gehef word.**
- **In uitsonderlike gevalle kan dogters die koshuis se beddegoed gebruik. 'n Tarief sal gehef word.**

E Badkammers

- **Dogters mag slegs in die badkamers hare was.**
- **Dogters mag slegs in die waskamer wasgoed was.**
- **Dogters moet die stort of bad skoonmaak na gebruik. Skoonmaakmiddels word voorsien.**
- **Toilette moet gespoel word na gebruik.**

F Telefoon / Selfone

- **Oproepe mag slegs 5 minute duur.**
- **Tussen 21:00 en 21:30 mag dogters slegs oproepe van ouers ontvang.**
- **Dogters word nie toegelaat om oproepe gedurende studietye te ontvang nie.**
- **Selfone word slegs toegelaat indien ouers skriftelik aansoek doen. Selfone word op eie risiko koshuis toe gebring. Die skool/koshuis aanvaar geen verantwoordelikheid vir selfone nie.**
- **Selfone mag nie skool toe geneem word nie.**
- **Selfone word voor studietyd by die huismoeder ingehandig.**
- **Selfone word voor slaaptyd ingehandig tot die volgende oggend.**
- **Dogters mag soggens 07:00 hulle selfone kry en hulle handig dit weer voor ontbyt in tot na skool.**
- **Dogters handig hulle selfone tydens etenstye by die huismoeder in.**
- **Ouers wat Dogters na slaaptyd wil kontak, moet die kantoor of die munttelefoon skakel.**

G Studietye

Middae: **15:00 - 16:00**
Saans: **19:00 - 19:40**
20:00 - 20:40

- **Daar word streng by hierdie tye gehou. Dogters ontvang geen oproepe of besoekers tydens studie nie.**
- **Dogters is ten volle geklee tydens studie; geen nagklere of kamerjasse mag gedra word nie.**
- **Daar word nie tydens studie geëet of gedrink nie.**
- **Dogters mag nie op hulle beddens sit en leer nie.**

H Rook

Rook is verbode in die koshuis en die skoolterrein.

I Rekenaars/CD-spelers

- **Dogters gebruik die rekenaars slegs vir skoolwerk.**
- **Dogters gebruik die drukkers met sorg. Werk kan nie weer en weer gedruk word nie. Die papier en die ink is baie duur!**
- **Indien die drukkers probleme gee, sal 'n boodskap via die tuiswerkboek na die skool gestuur word. Moenie aan die drukker verstel nie. Daar sal so gou moontlik aan die saak aandag gegee word.**
- Verwys verder na die Rekenaar-beleid van die skool wat ook op die koshuis van toepassing is.
- Die skool se CD-spelers mag slegs vir skoolwerk gebruik word.

J Algemene reëls

- **Dogters mag nie besoeke van seuns ontvang nie.**
- **Die huismoeder moet toestemming gee indien 'n dogter die koshuis wil/moet verlaat en slegs nadat uitgeteken is in die "Waar is ek?"-boek.**
- **Dogters en seuns mag in die area tussen Disa en Kiewiet sosialiseer onder toesig.**
- **Dogters in graad 10 - 12 mag met 'n seun sosialiseer indien die seun haar kom "uitvra". Die inkomtyd is 18:50.**
- **Dogters mag eetgoed koshuis toe bring. Om seker te maak dat daar vir almal plek in die yskas is, word bederfbare produkte beperk tot genoeg vir een week. Bederfbare eetgoed mag nie in die kamers gehou word nie.**
- **Koffie/Tee mag slegs in die sosialiseringsareas gedrink word. Daar mag nie in die TV-kamer of die slaapkamers geëet of gedrink word nie.**
- **Dogters mag nie in die gang met net 'n handdoek om die lyf loop nie.**
- **Slegs fatsoenlike klere mag gedra word.**
- **Dogters mag nie met sokkies in die gange loop nie.**
- **Beddegoed moet ten minste elke tweede naweek gewas word.**
- **Kassleutels word voor skool en voor naweke en vakansies ingehandig.**
- **Geld moet by die kantoor inbetaal word. Koshuispersoneel aanvaar nie verantwoordelikheid vir geld wat wegraak nie.**
- **Dogters mag 'n radio in die kamer speel. Die radio's kan gekonfiskeer word indien dit te hard speel of tydens studie en slaaptyd aangeskakel word.**
- **Dogters moet soggens voor ontbyt ten volle in hulle skooluniforms geklee wees.**
- **Dogters is verantwoordelik vir die netheid van hulle kaste en kamers voor ontbyt.**
- **Geen grimering of ontoelaatbare juwele mag gedra word nie. (Verwys na die skoolreëls.)**
- **Alle medikasie word deur die huismoeder in die medisynekas toegesluit en deur die huismoeder toegedien, soos voorgeskryf.**
- **Troeteldiere word nie in die koshuis toegelaat nie.**